
# Rustenburg Gemeenskapskerk

**12 SEPTEMBER 2021**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902

Erediens en Kleuterkerk: 09h00

Kategese en Belydenisklas: 10h00

## Wie dien jy werklik?



**Kolossense 3:24** "omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan"

Dit is tog so lekker om 'n klop op die skouer vir goeie werk te ontvang. Ons hou almal daarvan, want slegs 'n klein bietjie erkenning laat jou goed voel. Die probleem is egter dat nie al die goeie goed wat jy doen, die nodige erkenning kry nie.

Het jy al regtig baie hard gewerk en goeie werk gelewer en in plaas van dank of erkenning, behandel die mense jou asof jy 'n misdadiger is?

Dit gebeur die hele tyd: óf hulle nou jaloers is, óf dalk 'n slegte dag het en of hulle dalk bloot nare individue is. Goeie werk word dikwels nie die nodige erkenning gegee nie, en erger nog, dit wek alte dikwels kritiek en woede.

Dis nie 'n nuwe ding nie. Dit is presies wat met Jesus gebeur het. Hy was geneesheer en prediker; Hy was simpatiek teenoor gewone mense met desperate behoeftes en Hy het die geveinsdheid van die godsdienstige leiers ontbloot… en, nou ja, op die ou end het hulle Hom aan 'n kruis gespyker.

Sê my, hoe hanteer jy dit? Hoe stap jy die volgende dag by die werk in? Met 'n glimlag en gereed om nog 'n dag se uitnemende werk te lewer? Ons lees in:

**Kolossense 3:24** … *omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.*

Dis nou maar hoe dit is: sommige dae sal jou wonderlike werk nie erken of beloon word nie. Sommige dae sal jou goeie bedoelings verkeerd vertolk word. Sommige dae sal jou uitnemendheid met woede hanteer word. Maar die Here weet wat gebeur. En op die regte tyd sal jy jou beloning van Hom ontvang. 'n Beloning wat groter is as enigiets wat hierdie wêreld bied.

Hou dus aan om uitnemende werk te lewer. Hou aan met jou lofwaardige gedrag.

Onthou dat jy jou beloning van die Here sal ontvang, wat jou sal gee wat hy aan sy volk belowe het.

## Verjaarsdae 12-18 Sept 2021



12-Piet Teesen
13-Lana Pieterse, Mincky Stapelberg
Brendon Beukes, Jan vd Merwe
14-Maddy Harvey
16-Amanda White
17-Lohan Engelbrecht, Hannetjie Barnard
18-Derik Visser

## Kenmerke en fokusareas van ons Kerk is die volgende:

1. Suiwer Woordverkondiging
2. Gemeentlike samekomste in die erediens
3. 'n Groot verskeidenheid van musiek vir oud en jonk
4. Kenmekaar aktiwiteite deur middel van geselligehede na eredienste, omgeegroepbyeenkomste, die jaarlikse karnaval, verskeie werkgroepe, byeenkomste vir bejaardes (Eiebase) en vir die jeug vanaf 3 jarige ouderdom.
5. Goeie kommunikasie via Sondagbyeenkomste, omgeegroep byeenkomste, eposse, sms'e en whatsapp's.
6. Gesonde finansiële bestuur met jaarlikse projekte soos die Buffelspoort Karnaval, Rugby Legende etes, Gholfdae, en ander finansiële inisiatiewe.
7. Betrokkenheid en onderlinge verbondenheid rakende mekaar se lief en leed.
8. Bybelstudie geleenthede
9. Gasvryheid
10. Eer en gehoorsaamheid aan God


## Rustenburg Gospelfees: Sondag 31 Oktober 2021 (09h00-14h00)

- Kom ons gee hoop aan Rustenburgers
- Fees ten bate van die maatskaplike nood in Rustenburg (Charitas)
- Verskeie Kerke betrokke
- Kunstenaars: Piet Smit, Leon Ferreira en plaaslike talent
- Kos en kunsstalletjies
- Toegang: R50(volw), kinders o'12 gratis
- Navrae: Esta-0823778682

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening

kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!



☑ EFT
☑ Stoporder



## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening:
62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van



## Diensbeurte



Kan ons asb vra dat die wyk wie se teebeurt dit is, om net bietjie vroeër te kom en te help stoele uitdra vir die buite erediens. Baie dankie

12 September - Groep 12
19 September—Groep 13

## Bid asb vir ons lidmate

- Lien Pelser - Alet Visser
- Ivy Swart -Lientjie Venter
- Frikkie Visser - Cisca Hopkins
- Peet Dique - Joey Dreyer
- Isabel Mc Donald - Charlotte Pieterse
- Riëtte Mc Donald - Jan Swart
- Sanette v/d Walt - Issabel Groenewald
- Ons bid vir al ons Covid - pasiente
- Ons bid veral vir ons mense wat treur oor geliefdes wat oorlede is.
- Ons bid vir ons mediese personeel